| 29 Mei | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 31 MEI 2026 SE EREDIENSTE:

**09:00**

**Hangklipkerk**

Ds Theuns Henn

**Genesis 1**

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Ds Louis Fourie

**Genesis 1:1-2:4a**

LIG | DEERNIS | HOOP







Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers







Ds Heinrich gaan met Verlof



# Program vir die week

**1-6 Junie 2026**

## Maandag 1 Junie

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 2 Junie

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep

***11:30*** Vrouebediening (TYD)

***11:30*** Gerimed Biduur

***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep

## Woensdag 3 Junie

***08:00*** Wintermark Organiseerders (Saal)

## Donderdag 4 Junie

***06:00*** Hangklip Mannegroep

***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)

## Vrydag 5 Junie

***18:30*** Jong Werkendes Fliekaand (Hangklipkerk)

Kogelberg Kids vergader weer na Skoolvakansie.

Die Dissipelskapgroepe het ooreengekom om eers weer op Woensdag 22 Julie te ontmoet.

**Regstelling op die Kerkkalender**
Vadersdag is op Sondag 21 Junie

## *Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...*

*Ester en familie van Cobus Botha (PB2) met sy afsterwe.*

*Ds Piet Botha en Freda Botha met die afsterwe van hul moeder.*

## Lidmate wat voorbidding nodig het...

Japie Truter (KB5)

Christa Steenkamp (Sc2)

# NUWE INTREKKERS

**John Henry en Hendriena Franciena Fourie** van Aliwal-Noord **(PM1)**

**René en Yvonne De La Rey** van Franschhoek **(Sb2)**

**John Henry Whiteley** van Soutpansberg **(BB6)**

**Petrus Paulus en Anelma Steyn** van Moreleta Kerk **(Sc4)**

## *welkom*

Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.

Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.


WIT OLIFANTE
BOEKE & PLANTE
Een man se rommel is 'n ander ou se SKAT!
Ons benodig items vir ons Wit Olifante, Boeke en Plante!
Vir navrae/ skenkings - kontak die Kerkkantoor!


Kom loer gerus in
enige skenkings is welkom
alle fondse gaan aan Diens van Barmhartigheid
Omgee-boetiek
Kerksaal
Eerste Laan
Maandae & Vrydae
10:00-12:00

**Kogelberg Kids**




**Dinsdag**




**Vrydag**



Weeklikse

Gebedsgroepe




Dissipelskap




Mannebediening



# MIDDELAFHANKLIKHEID - KOM ONDERSTEUN EN HELP

Daar is lidmate in ons gemeentes en mense in die gemeenskap, jonk en oud, wat direk of indirek en op baie wyses worstel met die ***pynlike werklikheid van middelafhanklikheid.*** Kogelberg- en die VGK gemeente wil saam met ander kerke en groepe op 'n beter wyse en met deernis en vertroulikheid sulke mense help en ondersteun.

Ons wil 'n **uitnodiging uit die hart rig aan iedereen** - jonk of ouer, werkend of afgetree - met 'n hart vir hierdie saak of met kundigheid of ondervinding van watter aard ook al, om deel te word van 'n werkgroep wat hierdie strewe om hulp en ondersteuning verder kan voer.

Indien jy deel wil word van hierdie **werkgroep of net meer wil weet of jou perspektiewe met ons wil deel**, moet jy jou naam en kontakbesonderhede vir Joke by die kerkkantoor gee. (VGK lidmate gee hulle name en besonderhede aan ds. Cloete). Jy sal dan ook weer herinner word aan die eerste samekoms van al die deelnemers en belangstellendes **op Maandag 15 Junie om 18:00 by die VGK gemeente.**

By die geleentheid sal daar verder besin word oor die pad vorentoe aan die hand van riglyne van die Skakelbyeenkoms tussen die kerkrade van Kogelberg- en die VGK gemeente wat middelafhanklikheid reeds by twee geleenthede bespreek het.

## Gemeente wys hul omgeekant

By elke Nagmaal word daar vir lidmate van die Kogelberg NG Kerk geleentheid gegee om by te dra tot die Caritasprojek se voorraad kos en persoonlike ware.

Vir dié spesiale insameling word gemeentelede gevra om koffie, tee, suiker, graankos, pasta, langlewemelk, blikkieskos en sopmengsel te bring, maar baie skenkers voeg ook items soos seep, sjampoe en ander items vir persoonlike versorging by.

By die Hangklipkerk is nie minder as 41 sakkies is by die houer daarvoor geplaas. Albert Louw en sy vrou, Rita Mostert, het gehelp om dit verder te hanteer. Marietjie Reitzema, wat in die Hangklipkerk vir die aksie verantwoordelik is, het haar dankbaarheid teenoor die gemeente vir hul omgee uitgespreek.



Intussen is drie trollies vol voorrade by die Kleinmondkerk ingesamel en lidmate het nog gedurende die afgelope week ook sakkies aangedra.

Dit was met dankbare harte en groot glimlagte dat die lede van die Caritasprojek Donderdag die kospakkies vir uitdeel voorberei het.

Ons bid en glo dat die huisgesinne wat die kospakkies ontvang, ook die liefde en omgee sal ervaar waarmee ons gemeente hierdie inisiatief ondersteun.







# 99-JARIGE BY HANGKLIP-EREDIENS

Fanie Krige

**Geduld, whisky en suurlemoensap die geheim vir ’n lang lewe**

BETTYSBAAI – Emma Williamson het Sondag haar 99ste verjaardag hier in die Hangklipkerk gevier, waar sy die Nagmaal saam met al vier haar kinders, 'n skoondogter, ’n skoonseun en haar peetkleinkind bygewoon het.

Al beweeg sy met ’n loopraam, bly sy fier en regop - en gereed met ’n kwinkslag wanneer iemand vra waaraan dié Wes Transvaalse nooi Jansen haar lang lewe toeskryf:

“Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!”

Haar drie dogters, wat oor die afgelope jaar of twee almal Bettysbaaiers geword het, voeg by dat sy elke oggend 'n lepel heuning saam met 'n halwe suurlemoen se sap drink, en dat die laatmiddag knertsie whisky waarskynlik ook sy deel doen.
Emma woon deesdae in Bloemfontein by haar seun en skoondogter, maar het sonder huiwering die lang pad see toe met Butch en Dalene aangedurf om haar 99ste saam met al haar kinders te vier. Die dogters het reeds groot uitgawes gehad met hul trekke, en sy wou hulle nie ook met reiskostes belas nie. Die besoek was boonop ’n kans om haar peetkleindogter te sien, wat deesdae ’n hotel in Kaapstad bestuur.

Haar jongste dogter, Hendriette Ludick, vertel dat hul pa destyds die skoolhoof op Muiskraal naby Potchefstroom was. Die kinders Emberentia Williamson, middeldogter Adri Jordaan, Hendriette en hul broer, Butch, het grotendeels daar grootgeword totdat die skool in die sewentigs met vier ander geamalgameer is. Die gesin is toe Potchefstroom toe, waar hul pa ’n pos as etnoloog by die Weermag aanvaar het.

Dit was die tyd van die tuislande, en hy was baie betrokke by die regering van Bophuthatswana en president Lucas Mangope. Respek en erkenning vir jou medemens was ’n kernwaarde in die huis, en so het Mapaseka Ntsele, Emberentia se peetkind, deel van die gesin geword. Die familie is trots op haar opgang in die gasvryheidsbedryf — sy bestuur vandag ’n hotel in Kaapstad.

Ons het nie kans gehad om vir Emma te vra wat sy van haar skoonseun Isak Ludick se hardloopvermoë dink nie, maar ons vermoed sy sal ’n gevatte antwoord hê. Isak is vanjaar die enigste lid van die Hangklip-atletiekklub wat op 14 Junie aan die Comrades ultramarathon gaan deelneem vir sy 20ste medalje.
Die aanhaling kom uit C. Louis Leipoldt se gedig In die konsentrasiekamp (Aliwal Noord, 1901).




ONDERSKRIF
Van links: Isak Ludick, Emberentia Williamson, Adri Jordaan, Emma Williamson, Hendriette Ludick, Butch en Dalene Williamson, en Mapaseka Ntsele (Emberentia se peetkind).

# TALLE GENIET STAP-VIR-SENDING

Op Saterdagoggend 23 Mei het stappers – met of sonder borgskappe geesdriftig opgedaag by die vier beginpunte in onderskeidelik Kleinmond, Bettysbaai en Pringlebaai. Die weer het lieflik saamgespeel en na verneem word, was die staptogte gesellig en genotvol.

Op Bettysbaai was nie net die mooi weer 'n bonus nie, maar ook het die natuur saamgespeel om waarde toe te voeg: reeds met die wegtrekslag by Stony Point het die pikkewyne vir goeie vermaak gesorg op die strand en in die water. En asof op spesiale bestelling, het 'n walvis teen die einde van die roete 'n skouspel van sierlike spronge met groot pluime van seesproei gelewer.

Nie net het stappers mekaar beter leer ken nie, maar vir diegene wat nie gereeld op Bettysbaai se strande kom nie, was dit ook 'n geleentheid om die natuurskoon uit 'n ander hoek te geniet en waardeer.

Dankie aan Annetjie Strever wat hier die voortou geneem het, asook die ander stapleiers wat gesorg het dat alles op die onderskeie roetes glad verloop. (Dit was byvoorbeeld gerusstellend om te weet dat daar 'n noodhulpsakkie is met pleisters en ander hulpmiddels ingeval stapskoene begin skuur of ander beserings opgedoen word!)



***Die riviertjie naby die hoofstrand het sterk gevloei en stappers moes 'n ompad vind***

**’n Deel van die groep wat op Bettysbaai gestap het, by die hoofstrand-draaipunt**





**Skilderagtige voetpad reg langs die see**



# Boekoase groei en blom

Lisel Krige

Met net ’n deuropening tussen die liturgiese ruimte van die Hangklipkerk en die Boekoase, is laasgenoemde deurgaans besig om as ’n sieraad van die gemeente te groei en ’n aangename geur te versprei soos Paulus dit in 2 Korintiërs 15 beskryf.

Buiten dat die mini-biblioteek ’n indrukwekkende versameling leesstof het , wat volgens onderwerpe en genres gesorteer word, is dit ook ’n bedrywige gemeentebediening deurdat Bybels en ander geestelike boeke gereeld uitgedeel en geskenk word waar daar behoeftes is.

Saam met Alta Jones is die boek- en leesgeesdriftiges opgewonde oor ’n spoggerige stel nuwe rakke wat danksy twee gemeentelede gestalte gekry het. Hanlie (Atta) du Plessis het daarvoor borg gestaan en Marius Joubert (op die meegaande foto) het hulle gebou.

Kratte vol boeke wat gereeld aan die Boekoase geskenk word, staan gereed om gesorteer, geklassifiseer en in dié nuwe rakke gepak te word. Binnekort sal daar ’n nóg groter verskeidenheid titels en kategorieë wees om leesstof uit te kies!

Toe die foto van die nuwe rakke geneem is, was hulle nog leeg omdat sekere afwerkings nog daaraan gedoen moes word.




Marius Joubert by die nuwe rakke wat hy gebou het.




Een van die titels by die Boekoase wat miskien gepas is om so kort ná Pinkster te lees.




# Kogelberg Warm-wintermark

NG Gemeente Kogelberg bied die jaar die Warm-wintermark aan. Ons het vrywilligers nodig by die volgende stalletjies:

- Kerrie & rys
- Hamburgers
- Lewerkoekies
- Basaarpoeding
- Sosaties
- Sop-en-broodtafel
- Wit Olifante
- Boeke
- Plante
- Omgee-boetiek
- Terreinspan
- Administrasie & betalings

25-27 Junie

Gee jou naam op by die organiseerders of by die Kerkkantoor.

Lys met name van onrganiseerders beskikbaar in die Eerste Gelui.


NG/VG Kerkraadskakeling
Byeenkoms skuif na Donderdag 18 Junie


So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:
Bankbesonderhede
ABSA
NG Kerk Kleinmond
3220 150 320
SnapScan


KERKKANTOORure
Maandag - Vrydag
10:00 - 13:00
KONTAKBESONDERHEDE
Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157
DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA




# PLASTIC PEOPLE

## The Hidden Crisis of Microplastics

**Plek:** NG Kerk Kogelberg Kerkgebou 4e Laan

**Datum:** 14 Jun 2026 16:30 vir 17:00

---

Nooi julle vriende en kom geniet
hierdie wonderlike film saam met ons.

---

Verversings te koop vóór en ná die tyd


Stap vir Sending
Pringelbaai
Saterdagoggend 24 Mei 2025 8h30
Met liefde gemaak deur Jeanne



















Pinkstersondag
NG Hangklip
Dr Stephan Naudé
Sondagoggend 24 Mei 2026 9h00
Met liefde gemaak deur die mediaspan


Draers van Sy Lig
Verskilmakers met Deernis
Ambassadeurs van Hoop




Jesus


Draers van Sy Lig
Verskilmakers met Deernis
Ambassadeurs van Hoop









Pinkstersondag
NG Kleinmond + Kuierkerk
Ds Heinrich Carstens
Sondagoggend 24 Mei 2026 9h00
Met liefde gemaak deur die mediaspan











# Veels Geluk!

## Saterdag 30 Mei

Letta Bonthuys 084 581 5104 (Ba2)
Leatitia Coetzee 082 701 1060 (BB6)
Santie Hamman 072 593 9029 (KB2)
Kleintjie Muller 082 056 4529 (KB5)
Marius Ungerer 082 498 6747 (PB2a)
Brian van der Merwe (HK3)

## Sondag 31 Mei

Johan Britz 082 851 1778 (BB2)
Caitlin Stofberg 084 805 1301 (Sa3)

## Maandag 1 Junie

Malinda Hugo 079 264 1038 (Ba2)
Estelle Snyman 082 292 6695 (Sa2)
Thelma Winterbach 079 340 1130 (Ba3)

## Dinsdag 2 Junie

Hedwig Brink 082 955 8634 (Bb4)
Andries Coetzee 082 296 6763 (Sa2)
Ernst Coetzee 066 252 2708 (Bb3)
Johan Jacobs 083 225 4346 (Sa1)
Hester Müller (Sa3)
Monique Olivier (Bb2)
Serfie Potgieter 082 570 2830 (BB4)

## Woensdag 3 Junie


Gerhard Brown 082 551 4295 (KB5)
Sarie Irish 082 431 4321 (KP2)
Jolani Klopper 083 995 4362 (HK3)
Suritha Roux 082 813 3589 (Ba2)
Williena v Schalkwyk 081 557 0959 (PM3)
Peggy van Tonder 082 644 3285 (KB5)

## Donderdag 4 Junie

Lisbé Badenhorst 083 788 2486 (Ba1a)
Schalk Boonzaaier 083 419 4557 (Ba1b)
Annette Engelbrecht 083 661 2202 (KP1)
Wilma Fyfer 066 227 4486 (KB4)
Engela Meyburgh 083 228 7249 (BB2)
Elsabé Van Zyl 063 610 6398 (Sb3)
Antoe Veldtman 072 612 2223 (KB3)

## Vrydag 5 Junie

Martin Blignaut (Sb1)
Corrie Grové 072 931 9730 (Sa1)
Elsa Naude 073 148 5442 (HK1)
Lynette Nixon083 711 0733 (Ba3)
Maria Olivier 083 277 3366 (Sa3)
Elma Van Den Berg 084 824 0156 (KB5)
Gerhard Venter 084 395 4915 (HK3)




## GROEPGESPREKKE | 1 - 6 JUNIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**
- Hoe voel jou lewe en die wêreld op die oomblik: georganiseerd of effens chaoties?
- As jy baie dinge het om jou oor te bekommer, watter deel van God se skepping laat jou dadelik rustiger

**2. Ons storie nou...**
- Die teks wys hoe God chaos in orde verander. Waarom dink jy raak mense so angstig wanneer dinge in hulle lewens buite beheer (chaoties) voel?
- Dink jy dis reg dat God op die sewende dag gerus het, of voel dit vir jou of mens heeltyd moet aanhou besig wees? Is rus vir jou iets wat jy eers mag doen as al jou werk 100% klaar is?

**3. God se storie...**
Lees Genesis 1:1 - 2:4 as groep saam uit twee of drie verskillende vertalings (The Message is nogal aangrypend) en verken dan die teks aan die hand van die volgende vrae:
- God begin met die skepping terwyl die aarde nog woes en leeg is. Wat sê dit van God dat Hy nie wag vir die chaos om weg te gaan voor Hy begin werk nie?
- God skep deur doodeenvoudig te praat: *"Laat daar wees..."* Wat sê die krag van God se woord oor Sy verhouding met die skepping?
- Waarom dink jy het God vir die hele natuur gesê "*dit is goed*", maar eers toe Hy die mens gemaak het, het Hy gesê "*dit is baie goed*"? Wat was Sy spesiale droom vir ons en die wêreld waarin ons bly?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**
- As jy weet dat die Gees van God oor jou persoonlike "chaos" sweef, hoe verander dit die manier hoe jy môre jou probleme gaan benader?
- As God se eerste opdrag aan die mens is om na die aarde om te sien, watter een praktiese ding gaan jy hierdie week doen om God se skepping te bewaar of te versorg?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede.**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:
- Maandag 1 Junie 2026 – Genesis 1:1 - 2:4
- Dinsdag 2 Junie 2026 – Psalm 8:1-10
- Woensdag 3 Junie 2026 – 2 Korintiërs 13:11-13
- Donderdag 4 Junie 2026 – Matteus 28:16-20
- Vrydag 5 Junie 2026 – Genesis 12:1-9
- Saterdag 6 Junie 2026 – Genesis 12:1-9